
UNIVERSITY EXAMINATIONS



UNIVERSITEITSEKSAMENS

UNISA university of south africa

# AUE2602

Oktober/November 2016

## KORPORATIEWE BEHEER IN REKENMEESTERSKAP

Tydsduur 2 Uur

100 Punte

**EKSAMENPANEEL SOOS DEUR DIE DEPARTEMENT AANGEWYS**

---

**Gebruik van 'n nie-programmeerbare sakrekenaar is toelaatbaar**

**Toeboekeksamen.**

**Hierdie eksamenvraestel bly die eiendom van die Universiteit van Suid-Afrika en mag nie uit die eksamenlokaal verwyder word nie**

[BLAAI OM]

Open Rubric

UNIVERSITY EXAMINATIONS



UNIVERSITEITSEKSAMENS

UNISA university of south africa

# AUE2602

Oktober/November 2016

## KORPORATIEWE BEHEER IN REKENMEESTERSKAP

Tydsduur 2 Uur

100 Punte

EKSAMENPANEEL SOOS DEUR DIE DEPARTEMENT AANGEWYS

---

**Gebruik van 'n nie-programmeerbare sakrekenaar is toelaatbaar**

**Toeboekeksamen.**

**Hierdie eksamenvraestel bly die eiendom van die Universiteit van Suid-Afrika en mag nie uit die eksamenlokaal verwyder word nie**

HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT **SES (6)** BLADSYE

Hierdie vraestel bestaan uit die volgende vrae en hoofonderwerpe

| **VRAAG** | **HOOFONDERWERP** | **PUNT** |
|---|---|---|
| 1 | Korporatiewe beheer | 21 |
| 2 | Internebeheerbeperkings en interne beheer in die inkomste-en-ontvangstesiklus | 29 |
| 3 | Interne beheer in die voorraad-en-produksie-, betaalstaat-en-personeel en aankope-en-betalingsiklusse | 50 |
| | | **100** |

**LET WEL:**
Alhoewel die hoofdoelwit van hierdie eksamen is om u kennis en toepassing van die vakinhoud te toets, word u vermoe om te organiseer en sulke kennis in geskrewe taal van 'n aanvaarbare standaard aan te bied deur die eksaminators in ag geneem

[BLAAI OM]

## VRAAG 1 **21 punte**

Motor Mania (Edms) Bpk (hierna Motor Mania genoem) vervaardig sedert 1950 motorvoertuie Die maatskappy is deur mnr G Volving gestig wat twee jaar gelede as die hoof uitvoerende beampte (HUB) afgetree het en tans nie-uitvoerende voorsitter van die direksie van Motor Mania is Sy swaer mnr F Mercede het as HUB oorgeneem nadat mnr Volving afgetree het Die res van die direksie van Motor Mania bestaan uit die volgende

| | |
|---|---|
| Mnr H Fiato | Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur |
| Me D Citro | Menslikehulpbrondirekteur (uitvoerende direkteur) |
| Mnr K Misthi | Finansiele direkteur (uitvoerende direkteur) |
| Mnr C Hondas | Risikodirekteur (uitvoerende direkteur) |
| Me J Kiaso | Nie-uitvoerende direkteur *Aantekening 1 |
| Me L Minnie | Nie-uitvoerende direkteur *Aantekening 2 |

**Aantekening 1:** Me J Kiaso hou 12% van die aandelebesit van Motor Mania wat sy twee jaar gelede by haar oupa wat 'n bekende sakeman was, geerf het

**Aantekening 2:** Me L Minnie is die dogter van mnr G Volving en sy is 'n gekwalifiseerde bedryfsingenieur

**Korporatiewe beheer**
Mnr F Mercede het by die laaste direksievergadering die direksie gevra om te oorweeg om Motor Mania se ekwiteit op die JSE (voorheen die Johannesburgse Aandelebeurs) te lys om sodoende addisionele kapitaal vir uitbreiding te verkry

**Direksiekomitees**
Motor Mania het 'n ouditkomitee en 'n vergoedingskomitee gestig. Mnr Volving het tydens 'n seminaar oor korporatiewe beheer gehoor van 'n nominasiekomitee asook 'n risikokomitee, maar is onseker oor die lidmaatskapsvereistes en funksies van hierdie komitees Mnr K Misthi is aangestel as die voorsitter van die ouditkomitee en hy en die ander lid van die ouditkomitee, me J Kiaso, vergader elke ses maande Me L Minnie is tans die voorsitter van die vergoedings-komitee

[BLAAI OM]

**VERLANG** **PUNTE**

1 1 **Lewer kommentaar** gegrond op die inligting wat verskaf is ten opsigte van die **vereistes van goeie korporatiewe beheer** ingevolge die King III-verslag met die veronderstelling dat Motor Mania sy ekwiteit op die JSE sal lys

Verskaf u antwoorde onder die volgende opskrifte

**a)** Direksie samestelling en aanstellings (vier opmerkings) **(6)**

**b)** Direksiekomitees (drie opmerkings) **(4½)**

- U moet beide **nakoming** en **nie-nakoming** in u antwoord van **a)** en **b)** bespreek

**c)** Die voorsitter van die vergoedingskomitee het aangekondig dat sy volgende maand aftree **Dui aan** ingevolge die aanbevelings van die King III-verslag, deur **kort redes te gee**, watter van die huidige direksielede geskik is om as die **voorsitter** van die **vergoedingskomitee** aangestel te word **(3)**

**d)** **Verduidelik** aan mnr Volving wat die funksie van 'n nominasiekomitee is volgens die King III-verslag **(1½)**

**e)** **Dui aan,** ingevolge die aanbevelings van die King III-verslag, hoeveel keer die risikokomitee per jaar moet vergader **(1½)**

**f)** **Verduidelik,** in die konteks van die King III-verslag se vereistes vir interne oudit, wat die term "risikogebaseerde ouditbenadering" beteken **(3)**

Kommunikasie, logika en struktuur **(1½)**

## VRAAG 2

**29 punte**

Greenleaf (Edms) Bpk (hierna Greenleaf genoem) is 'n groothandelaar wat landswyd verskeie boom- en blomspesies verskaf aan kwekerye Mnr G Flower, die eienaar van Greenleaf, het goeie interne beheermaatreels in die inkomste-en-ontvangstesiklus geimplementeer aangesien hy hierdie deel van die onderneming as die heel belangrikste beskou Hy het die volgende interne beheermaatreels geimplementeer

**a)** Alle verkoopsbestellings word te boek gestel op opeenvolgend genommerde interne verkoopsbestellings (*ISO's*)

**b)** Geen verkoopsbestelling word aanvaar indien die klant nie op die goedgekeurde klantelys is nie

**c)** Die pakhuisklerk kontroleer die goedere wat gekies word teen die kiesstrokies (*picking slips*) en berei 'n afleweringsnota in duplikaat voor van die kiesstrokie

**d)** Met aflewering van die goedere aan die klant, teken die klant albei afskrifte van die afleweringsnota nadat hy die goedere gekontroleer het Hy behou een afskrif en gee die ander afskrif aan die bestuurder terug

**e)** Soos getekende afleweringsnotas ontvang word, word hulle vergelyk met hulle interne verkoopsbestelling en opeenvolgend geliasseer volgens afleweringsnotanommer

**f)** Die faktuurklerk vergelyk besonderhede van die afleweringsnota met die interne verkoopsbestelling, berei 'n opeenvolgend genommerde faktuur voor en kruisverwys dit na die afleweringsnota

**g)** Fakture word in nommervolgorde in die verkoopsjoernaal te boek gestel

**VERLANG** **PUNTE**

**2 1** **Lys** en **beskryf vier (4) beperkings van interne beheer** wat kan verhoed dat Greenleaf se doelwitte bereik word **(10)**

**2.2** Gegrond op die interne beheermaatreels wat in die inkomste-en ontvangstesiklus geimplementeer is

**2.2.1** **Identifiseer** die funksie in die **inkomste-en-ontvangstesiklus** waarin die interne beheermaatreels wat in **(b) tot (g)** gelys is heel waarskynlik plaasvind **(9)**

**2.2.2** **Lys** 'n potensiele **risiko** wat kan ontstaan indien Greenleaf nie hierdie interne beheermaatreels, gelys in **(b) tot (g)**, sou implementeer nie **(9)**

**Bied u antwoord in die volgende formaat aan:**
Kommunikasie, logika, struktuur en aanbieding **(1)**

| **Interne beheermaatreël** | **Funksie (1.5 x 6 = 9 punte)** | **Risiko (1.5 x 6 = 9 punte)** |
|---|---|---|
| a | Ontvang klantebestellings<br><br>*(Geen punte word toegeken indien u hierdie funksie identifiseer nie )* | Daar word moontlik nie betyds of glad nie op bestellings gereageer nie, wat lei tot 'n verlies in verkope en klandisiewaarde<br>*(Geen punte word toegeken indien u hierdie risiko identifiseer nie )* |
| b | | |
| c | | |
| d | | |
| e | | |
| f | | |
| g | | |

## VRAAG 3

**50 punte**

Worldwide Toys (Edms) Bpk (hierna Worldwide Toys genoem) is 'n klein speelgoedvervaardiger wat 'n jaar gelede geopen het Worldwide Toys spesialiseer in opvoedkundige speelgoed vir kinders tussen die ouderdom van een en sewe jaar Mnr Fun, die eienaar van die onderneming wil die onderneming uitbrei en addisionele werknemers in die vervaardigingsafdeling aanstel

Hy oorweeg dit om 'n handklokstelsel te installeer om akkurate en volledige tydhouding te fasiliteer Mnr Fun het gelees dat daar verskeie voordele is om die betaalstaatstelsel te rekenariseer, maar vir eers is hy tevrede om 'n handklokstelsel te installeer

**Voorraad**

Worldwide Toys se voorraad word in een netjiese pakhuis in Sandton, Johannesburg gehou 'n Voorraadtelling word op 'n jaarlikse basis uitgevoer en die volgende prosedures word gevolg

1. Die telling vind oor twee dae plaas sodat Worldwide Toys op die tweede dag van die telling goedere kan ontvang en versend
2. Agt pakhuiswerknemers is deel van die telspan en elkeen tel alleen 'n afdeling van die pakhuis
3. Die pakhuisadministrateur deel die opeenvolgend genommerde voorraadkaarte met die beskrywing en hoeveelheid per item aan die tellers uit wat hulle afdeling van die pakhuis tel en die hoeveelhede op die voorraadkaarte afmerk sodra hulle die items getel het
4. Indien die teller 'n ander hoeveelheid tel van 'n item wat op die voorraadkaart gelys is, merk hy daardie item op die voorraadkaart
5. Die pakhuisadministrateur wysig die hoeveelhede van al die gemerkte items op die voorraadkaarte op die deurlopende voorraadrekords om die werklike hoeveelhede voorhande by die afsluiting van die telling te weerspieel

**Betaling van verskaffers**

Worldwide Toys betaal sy verskaffers via elektroniese fondsoorplasing (EFO's) Mnr Fun is bekommerd oor die interne beheermaatreels wat in hierdie funksie geimplementeer is, veral oor die toegang tot die bankrekening.

**VERLANG** **PUNTE**

3.1 **Lys** die **interne beheermaatreëls** wat geimplementeer moet word en die aksies wat uitgevoer moet word om te verseker dat akkurate en volledige rekords gehou word van geldige ure wat werknemers gewerk het **Beperk** jou antwoorde tot interne beheermaatreels in die **tydhoufunksie** (**"timekeeping function"**) van die **betaalstaat-en-personeelsiklus** **(12)**

**VERLANG (vervolg)** **PUNTE**

| | | |
|---|---|---|
| **3.2** | **Gee** vir mnr Fun 'n voorbeeld van hoe **"biometriese data"** in 'n gerekenariseerde klokstelsel gebruik kan word om werknemers te identifiseer | **(1½)** |
| **3.3** | **Beskryf** die **voordele van biometriese data** wat in 'n gerekenariseerde klokstelsel gebruik kan word bo dié van 'n identifikasiekaart of 'n klokkaart in 'n handklokstelsel | **(1½)** |
| **3.4** | **Bespreek** die **swakhede** in die jaareindevoorraadtelling gegrond op die inligting in die scenario | **(15)** |
| **3.5** | **Beskryf** die **toegangsbeheermaatreëls** wat geïmplementeer moet word om goeie beheer te verseker oor die bankrekening waaruit die EFO-betalings gemaak word. | **(7½)** |
| **3 6** | **Gee** 'n lys van goeie **wagwoordbeheermaatreels** as deel van toegangsbeheermaatreels oor die bankrekening | **(10½)** |
| | Kommunikasie, logika en struktuur | **(2)** |

©
UNISA 2016